

10 Desember

Filippense 3:1-4:1; (Teks: 3:20)

Burgers van die vrederyk

Wêreldwyd word Kersfees gevier. Wie deur 'n ware geloof Christus se geboorte vier, het deel aan Christus en deel aan die ryk van Christus. Die vraag is: Wie is almal burgers van die vrederyk van God? God is hieroor duidelik. Die burgers van God se vrederyk kom uit alle lande, tale, volke en kulture.

God se verbond met Abraham is vir baie mense en nasies (Gen. 17:2,4,16). God sê: "Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot seën wees" (Hand 3:25; Gen. 22:18; Gen. 26:4). So is Abraham die vader van alle gelowiges (verse 11-12) uit wie Christus gebore is (Matt 1). In Christus is die verlossing vir alle gelowiges uit alle volke en tale, in alle lande (Matt 28:19; Mark 16:15; Hand 1:8). Jy word 'n burger van God se Koninkryk nie deur *geboorte* nie, maar deur *wedergeboorte*. Wie deur Christus aan God behoort (Fil. 1:1), is burgers van God se vrederyk. In die godsryk gaan dit nie om *bloedverwantskap* nie, maar om *geesverwantskap* (Fil. 3:3). Die onderskeid wat God maak ten opsigte van die burgers van sy ryk van vrede is 'n geloofsonderskeid. Die Filistyn is 'n ewe goeie burger van sy ryk as die Jood en die Egiptenare en Babiloniërs net so goed soos die Israëliete (Ps. 87). Of jy uit Engeland, Frankryk, Suid-Afrika, Ghana, China of Bosnië kom, dit speel by God geen deurslaggewende rol nie (Gal 3:25-29). Die maatstaf is die geloof ook vir die Afrikaanssprekende gelowige in Suid-Afrika. Wat 'n genade!

Sing: Psalm 87:1-5

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)